Chemists PLUS Apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

TOPS
Uitsig Deurloop
Tel. 21112
VIR: Rekenaars
Witjasse
Dissekteerstelle
* * * * *
Skoonheidsmiddels
* * * * *
Geskenke

JAARGANG XXXIV — NOMMER 15 — 22 JUNIE 1979

# STUDENTESENTRUM EERSDAAGS BETREK

- Izak Minnaar -

**Die amptelike ingebruikneming van die Studentesentrum sal, afhangende van 'n Raadsbesluit, tydens Karnaval 1980 plaasvind. Die SSR sal sy gedeelte egter reeds gedurende die vakansie betrek. Vanaf 15 Junie tot ná die vakansie word die sitkamers, ontspanningslokale, ouditorium en lokale onder beheer van die SSR gemeubileer.**

Ná die vakansie sal die vertrekke vir binnenshuise sportsoorte se meubilering voltooi word. Daar word nog steeds meubels aangekoop en die meeste is reeds hier. Alle vertrekke word ten volle gemeubileer met rakke, tafels, stoele en ander benodigdhede. Sommiges word ook van matte voorsien.

Die meubels vir die gedeelte wat deur die SSR gebruik word kos ongeveer R70 000, die kafeteriameubels R40 000, die sportgedeelte word ter waarde van R75 000 gemeubileer en die ouditorium se meubels kos R45 000.

Daar is reeds poste geadverteer en aansoeke ontvang vir poste soos spysenieringsbestuurder, werkers by die inligtingsburo, tiksters en assistente. Mnr. Hans van Zyl is Direkteur van die studentesentrum.

Daar sal vir studente werksgeleenthede wees in die vorm van hulp met bediening in die kafeteria en tegnici en plekaanwysers in die ouditorium.

Die gewone kafeteria het plek vir ongeveer seshonderd mense en sal middagetes verskaf. Daar is ook 'n a la carte restaurant met 'n gedeelte vir die Rektor wat afgeskort kan word. Dié restaurant het plek vir omtrent sestig mense. Dit is duursaam gemeubileer met muur-tot-muur-matte en spieëls teen die mure. Die studentekroeg is van swaar houtmeubels voorsien.


Drank sal in al die onthaallokale beskikbaar wees. Daar is ook 'n biertuin wat met geleenthede soos Karnaval en ná rugbywedstryde oop sal wees. Nie een van bogenoemde is op winsbejag gemik nie.

Die SSR-lid belas met die Studentesentrum, die SSR-voorsitter en 'n dameslid op die SSR het sitting op die beheerkomitee wat verder bestaan uit die Rektor, en verteenwoordigers van instansies soos die tegniese departement, Departement Ontwikkeling en die Studenteburo. Die SSR het beheer oor die sitkamers, ontspanningsgeriewe, die ouditorium en ander lokale, maar nie oor die kafeteria en sportgeriewe nie.

Lokale is reeds toegedeel aan instansies soos SGD, toerliggame, Die Wapad, dagstudente, Karnaval en Rade. In al die lokale is daar telefone. Radio-Puk het 'n uitsaai-ateljee in die groot sitkamer. Daar is ook geriewe vir alle binnenshuise sportsoorte. Daar is ses muurbalbane, waarvan een glasmure en 'n pawiljoen het, 'n pluimbalsaal, en plek vir karate, stoei, ringtennis, skerm, tafeltennis en judo.

Daar is reeds aansoeke van Alabama (13 Aug.), Thalia, die Admissiebond en Departement Spraakleer en Drama ontvang vir die gebruik van die ouditorium. Onthale soos SSR-reünies, 'n skemeronthaal vir die SIRSA-kongres en 'n simposium van die Dept Psigologie (3 Aug) word nog in hierdie jaar in die sentrum aangebied. Ook die Wes-Transvaalse Gimnastiekkampioenskappe (14 en 15 Sept) en die Noordsirkel-ouderdomsgroepkampioenskappe (28 en 29 Sept) word in die Studentesentrum aangebied.

In die volgende uitgawe van Die Wapad sal 'n volledige lys van datums en tye geplaas word in verband met die ingebruikneming van die verskillende dele van die Studentesentrum.



*Só lyk die nuwe Ouditorium in die Studentesentrum. Daar is 1 200 sitplekke, 'n orkespunt, groot verhoog, 'n goeie beligtingstelsel en lósies vir die pers.*

# KURATORE BESLUIT OOR THEUNS

**Mnr. Theuns Eloff, SSR-voorsitter van die PU, is deur die Kuratorium toegelaat tot die bywoning van klasse by die Teologiese Skool nadat hy voorlopig van klasbywoning geskors was.**

Mnr. Eloff het gesê hy is dankbaar oor die besluit van die Kuratorium. Hy het verklaar dat die ontmoeting tussen hom en die kuratore "wedersyds in goeie gesindheid geskied" het.

Mnr. Eloff het bygevoeg dat hy uitsien na die res van sy studie, en dat hy dankbaar teenoor die Here is vir die bevestiging van sy roeping.

# PASV HOU KONGRES

**Van Maandag 2 Julie tot Donderdag 5 Julie is die Potchefstroomse Aptekersvereniging die gasheer vir die 26ste jaarlikse kongres van die SAASF.**

Die kongres word deur ses maatskappye geborg. Hulle sal verteenwoordigers stuur om te praat op die simposium wat handel oor industriële farmasie.

Die kongres sal bygewoon word deur ongeveer 200 afgevaardigdes van die kolleges van Port-Elizabeth, Kaapstad, Durban, Pretoria, Johannesburg, Rhodes Universiteit en die PASV. Daar is ook 'n moontlikheid dat afgevaardigdes van Rhodesië en die Universiteit van die Noorde die kongres sal bywoon.

Prof Tjaart van der Walt open die Kongres op Maandag, 2 Julie in die Sinodesaal. Die SA-Druggists se plase by Rustenburg word ook besoek.

Dinsdag, 3 Julie om 14h00, word die simposium in die Sinodesaal gehou. Woensdag en Donderdag is die Algemene Ledevergadering.

Die kongres word Donderdagaand afgesluit met 'n banket wat onder andere bygewoon sal word deur verteenwoordigers van die SA-Aptekersraad, asook die SA-Aptekersvereniging.



*Mnr. Tony McLoskiey van Mer-National Laboratoriums bespreek die simposiumprogram met Trevor Sirakis die kongreskonvenor.*



*Mej. Irma J. van Rensburg.*

# Dames ook op preekstoel

**Op 23 Mei het die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk 'n beginselbesluit geneem dat vroue in die toekoms in alle ampte in die kerk, ook dié van predikant, sal mag staan. Daar is reeds 'n paar jaar gelede al vroue tot die amp van diaken toegelaat, maar die feit dat sy ook nou op die preekstoel mag staan, het gunstige reaksie vanuit baie oorde gelok.**

Die besluit, en veral die feit dat dit met so 'n oorweldigende meerderheid aangeneem is, het baie mense verbaas, en veral die dames wat op dié oomblik in dié rigting studeer.

Die motivering was kortliks dat die Bybel geen deurslaggewende getuienis teen die vrou as bedienaar van die Woord het nie, en dat die vrou nie afgewys kan word indien sy haar geroepe voel tot diens in die amp van predikant nie.

Daar is verder 'n opdrag aan die Algemene Kommissie gegee om die praktiese implikasies van die saak te ondersoek.

Op die oomblik is daar reeds vier vroue wat besig is met hulle studies in die rigting, drie op UP en mej. I.J. van Rensenburg op die PU.

Ander dames wat ook besig is om Teologie te bestudeer in die ander twee Afrikaanse kerke, het die hoop uitgespreek dat hulle kerke hulle ook spoedig tot die bediening sal toelaat.

# Studenteraadsverkiesing

**Mnr. Theuns Eloff is deur die SSR as hoofverkiesingsbeampte aangewys en mnr. Zoks Schwellnus en Daan de Kock as hulpbeamptes.**

Die verkiesing vind op Donderdag 16 Augustus plaas. Die sentrale Groot Sweet vind die vorige Woensdagaand plaas en die gedesentraliseerde Swete in die koshuiseetsale vind die Maandag- en Dinsdag plaas.

Die nominasies sluit op Maandag 6 Augustus om 16h00 en die nominasievergadering vind dieselfde aand plaas. Nominasievorms kan vanaf 25 Julie by die SR-kantoor gekry word.

Elke Raad moet nog voor die vakansie 'n verkiesingsbeampte aanwys en hul volledige stemreglyste inhandig.

Daar sal goeie reklame vir die verkiesing gedoen word. Verversings sal by die stembusse deur verenigings verkoop word. Belangstellendes kan in dié verband met mnr. Eloff in verbinding tree.

# Tande gratis ondersoek


*Baie studente wonder wat met die groot hoop sand wat by die nuwe administrasiegebou uitgegrawe is, gaan gebeur . . . Die Wapad ook! (Foto: Jaco Pretorius)*

**Die Wes-Transvaalse Tak van die Mediese Vereniging het besluit om as deel van die Gesondheidsjaar gratis tandheelkundige diens aan studente van die PU vir CHO te lewer.**

'n Span van tien bestaande uit twee dosente en agt mondhigiëniste besoek die Universiteit op 25, 26 en 27 Junie 1979. Die aard van die diens wat gelewer sal word, is onder andere mond- en tandondersoeke, voorligting ten opsigte van mondhigiëne en tandversorging en die gratis skoonmaak van tande.

Die diens sal gelewer word in die gebou van die KMD en afsprake kan persoonlik gemaak word of telefonies gereël word deur 22112 uitbreiding 458/478 te skakel. Die spreekure sal wees:

Maandag: 25 Junie 1979 van 10h30 - 13h00 en 14h00 - 17h00
Dinsdag: 26 Junie 1979 van 08h00 - 13h00 en 14h00 - 17h00
Woensdag: 27 Junie 1979 van 08h00 - 13h00.

Die dames sal in Vergeet-my-nie-koshuis tuisgaan en hulle het hulle bereid verklaar om in die aande praatjies te lewer en films te vertoon aan dames van die verskillende koshuise oor algemene gesondheid en tandversorging.

As deel van die gesondheidsjaar wil die Studenteburo 'n beroep op die studente doen om by te dra tot die sukses van die onderneming deur in groot getalle van die diens gebruik te maak.

Dit is 'n grootse poging in belang van die student en die Mediese Vereniging verdien alleen die ondersteuning van elke student.

## Inter-universitêr

### PIETERMARITZBURG

DIE Veiligheidspolisie het net voor die Aprilvakansie 'n klopjag op die NUX (Pietermaritzburg Universiteit se studentekantoor) uitgevoer en beslag gelê op tweehonderd eksemplare van die tweede uitgawe van NUX.

Daar is beslag op dié koerante gelê ingevolge die sabotasie-artikel van die algemene wysigingswetsontwerp).Die ondersoek deur die veiligheidspolisie duur voort en dit sou ter gelegener tyd aan die advokaat-generaal oorhandig word sodat hy kan besluit oor die aanklag van die koerant.

(Berig: Dome No. 3)

### NUSAS

"DIE universiteit speel 'n ideologiese rol in die onderdrukkende Suid-Afrikaanse sisteem," het meneer Auret van Heerden, die president van Nusas onlangs tydens 'n vergadering op die Durbanse kampus gesê. Mnr. Van Heerden het verder gesê dat universiteite onder die mantel van objektiwiteit werk en 'n subtiele rol in die indoktrinasieproses speel.

(Berig: Dome NOS)

### PAARL: ONDERWYSKOLLEGE

DIE voormalige Minister van Nasionale Opvoeding, sy edele W.A. Cruywagen, was onlangs die gasspreker by die Pedagogiese Vereniging van die OKP. Hy het die mening uitgespreek dat die redding en die verbetering van verhoudings en toestande in die onderwys lê. Die rede vir jeugwangedrag is te vinde in die gebrek aan opvoeding, aldus mnr. Cruywagen.

(Berig: Ararat Mei 1979)

### RAU

DIE joolblad van RAU, Tjol, het 'n pluimpie gekry toe 'n sekere Londense koerant die Tjolredakteur, mnr. Ivan Meyer geskakel het om vas te stel of daar 'n kopiereg op die Tjol is. Dié koerant het in die herpublikasie van party van die grappies belanggestel.

(Berig: Die Heraut 23 Mei 1979)

## *Kort nuus*

### • Florna

FLORNA beplan om vanaf 29 Junie tot 7 Julie by Sordwana, naby St Lucia, te gaan kampeer.

Daar is nog 'n paar plekke vir veral dames en ook mans oop. Daar is plek vir altesaam vyftig mense. Slaapplek, etes en vervoer sal verskaf word. Dit sal R35 kos, alles ingesluit.

Daar sal volop geleentheid wees vir duik en hengel. Skietlyste sal open op Maandag 20 Junie. Daar sal dieselfde aand 'n vergadering in Wag-'n-Bietjie se sitkamer wees.

### PU sluit vroeër

DIE PU sluit reeds op Donderdag, 28 Junie 1979 na die aandklasse en nie op Vrydag, 29 Junie soos in die jaarboek aangedui is nie. Hierdie besluit is deur die Rektor bekend gemaak omdat daar nie meer op Saterdae brandstof beskikbaar is nie.

### Hulpprojek beplan

VAN 29 Junie tot 9 Julie gaan Hulpprojek 'n skool op Sibasa in Vendaland bou. Die skietlys open op Maandag, 4 Junie, by die SR-kantoor. Daar is plek vir 29 mense. Hou die plakkate dop vir verdere inligting.

### ASB-kongres

DIE ASB-kongres vind van 9 tot 13 Julie op Stellenbosch plaas.

Prof. B. Ranchod, mnr. Lennox Sebe, mnr. David Thebehali, dr. W.J. Bergins en prof. G. Viljoen sal onderskeidelik praat oor die identiteite van die Indiër, die Tuisland-Swarte, die Stedelike Swarte, die Kleurling en die Afrikaner.

Dr. Piet Koornhof sal die kongres amptelik open.

### Aktueel bied aan

AKTUEEL bied op 27 Julie eerstejaars- en tweedejaarskampe aan.

Die eerstejaarskamp vind plaas op die kampterreine by Boskop, en die tweedejaarskamp by die Servaas van Niekerkterrein.

Die skietlyste vir die verskillende kampe is soos volg: vir die eerstejaarskamp van 21 - 22 Junie by die tent voor die Totiussaal en vir die tweedejaarskamp van 25 - 27 Junie by die SSR-kantoor.

### Dien beursaansoeke in

AANSOEKE om die **Peter Haworth Gedenkbeurs**, die **Cicely Haworth Wahl Studiebeurs**, en die **Robert en Cicely Wahl Studiebeurs** vir die tydperk wat in die jaar 1979 begin, kan nou ingedien word.

Die studiebeurse bedra elk tussen R1 200, en R2 500 per jaar, en word toegeken vir studie aan die Universiteite van Oxford, Cambridge of Londen vir 'n tydperk van twee agtereenvolgende jare in die geval vna 'n Baccalaureus- of 'n Meestersgraad, en vir 'n tydperk van drie agtereenvolgende jare in die geval van 'n doktoraat.

Verdere besonderhede en aansoekvorms kan verkry word van die Sekretaris van die onderskeie studiebeurse, Posbus 1714, Bloemfontein, 9300. Versoeke om aansoekvorms moet die Sekretaris voor of op 1 Julie 1979 bereik. Die vorms sal op 1 Julie aan die aansoekers gepos word.

### Agste Europese toer vir Platsakstudente

'n UITNODIGING word aan alle platsakstudente gerig om te belê in 'n toer na Europa.

Plekke soos Venesië, Parys, Athene, die Ryn, die Alpe en Jerusalem word besoek.

'n Deposito van R200 en R62 per maand moet betaal word. Navrae en brosjures kan verkry word by die koshuistoonbank, primaria of primarius, voorsitter, huiskomitee of Puk-Pik, asook by die volgende sekretaresses: Kamer 8, Ou Sielkundegebou; Ingangsportaal, Frans du Toit-gebou; Kamer 105, Geografiegebou; Kamer 124, Ekonomiese Wetenskappegebou en Kamer 103, Wiskundegebou.

Die brosjures sal teen 18 Junie reeds beskikbaar wees.

'n Toervergadering sal op 25 Junie om 19h30 in die Geografiesaal gehou word.

### Abe Bailey-toekenning

DIE Studenteraad het vanjaar mnr. Steinman de Bruyn vir dié toekenning genomineer. Mnr. Bailey het die trust aan belowende studente beskikbaar gestel om Engeland te besoek.

## Wapadjies

**Bel Jacques by 3468 (Klooster) en laat 'n boodskap.**


**KIES & KEUR:**
Lyk jou kamer soos Vaalwater? Kry 'n poster by Kies & Keur! Val jou knope af, nate trek los? Naaldwerkbenodigdhede galore by Kies & Keur! Behalwe materiaal, hoede, kunsblomme en mandjies, het ons nog stapels en stapels ander goed. Vat 'n dag af en kom snuffel rond by: Kies & Keur, Tomstraat 98.

**BLY RY EN RY BLY:**
Nigrini Batterye is die naam as jy jou motor wegspringgereed wil hou - sonder sweet, sonder bloeddruk en teen 40% korting, spesiaal vir PU-studente lag jy heelpad bank toe op sakgelddag. Storm sommer nou na Lombardstraat 27 vir jou battery. Tel. 7805.

**HOOR EN SIEN VERGAAN?:**
Radio- en TV-dienste het 'n wye reeks batterye vir rekenaars, horlosies, radio's of wat ook al. Ons kitsrekenaars en Aiwa stereo audioversterkers vir motorradio's is ons trots - die beste op Potch, Lombardstraat 42.

**BLOMME, BLOMME, BLOMME:**
Ruikers, groot en klein, lieflike vars snyblomme en potplante wat jou jarelank geluk sal ge... is altyd te kry by FLEURETTE BLOEMISTE. Ons het ook ingevoerde syblomme wat so mo... is dat jy nie kan ophou kyk daarna nie. Maak gerus gebruik van ons KBA diens. Dit ko... niks ekstra nie. FLEURETTE BLOEMISTE, Kerkstraat 83, Tel. 4062.

**TROUKAARTJIES:**
Ons het, letterlik, eenduisend-voorbeelde van troukaartjies en bybehore v... daardie mooiste dag in u lewe. Ons nooi u om gerus ons katalogus te ko... deurkyk, sodat u die heel beste keuse kan maak. Ons verseker u van per... soonlike aandag en sal graag u vrae beantwoord. Adres: Kerkstraat 77. Kom besoek ons op kantoor tel. 7960. Na-ure 24574.

**RIETSKRAAL**
Verslank met Shape teen slegs R3,00 per blik by die Bult Apteek beskikbaar. Tomstraat 8... Tel. 5943.

**JEANS DENIM DEN**
Vir mans en dames die grootste verskeidenheid denimjeans, kakieklere en Lee's koort... weelskeppings in Potch teen die billikste pryse. As ons iets nie het nie, sal ons dit vir u kry want vriendelike diens is ons leuse. Besoek ons by winkel no. 4. JAYS UITRUSTERS Tel. 8791. Indiërsentrum.

**POSTERS WORD BESKERM**
Beskerm u "posters" deur hulle te laat blok. Ek doen dit teen R5 elk. Kontak Theunis by Presidentstraat 53 of Tel. 4877 op weeksdae.



Turkstra
**BAKKERY**
**SMAAKLIKE VLEISPASTEIE BY DIE PUK-PIK!**



**Nuut op die Bult** Tel. 8071
Guys & Dolls-haarsalon tot u diens! Ons bied spesiale pryse aan alle mans- en damestudente vir die sny en droogblaas van kapsels, en wat meer is, ons is kunstenaars op die gebied van sny volgens gesiglyne. Verlang u 'n perm, kan ons u die volgende aanbied teen sub-ekonomiese pryse:
MINI VOGUE vir slegs R11,40
NATURAL STYLE en STYLE FORM R15,70
'n Bietjie duurder, maar tog so elegant, is Perfect Touch, Design, Stag, Coiling en Piggy Back-perms.
**En onthou tog, die sny by 'n perm is heeltemal gratis! Vir spesiale geleenthede, of as u sommer lus voel om bietjie anders te lyk, kom sien ons oor 'n set, of 'n tint, of albei — watwou!**

**GUYS & DOLLS** Tel. 8071



**Wesvalia Boekhandel**
**Tomstraat 84** **Tel. 6660**
*Verskaffers van opvoedkundige boeke en skryfbenodigdhede.*



**CERTAIN T SHIRTS**
**HIGH QUALITY SILKSCREEN PRINTERS**
4 Grobler Street, Potchindustria
Tel. 23863



**Kom vergelyk ons pryse en kwotasies**
**SPARNO VIR PRYSE**

Sport T-hemde, klein hoeveelhede
Tennisballe R8,10 per doos
Nuwe PUK-T-hemde R3,15 stuk
Rugbyskoene alle fabrikate
Sweetpakke
**Retiefstraat 44 — Tel. 5513**

# MULTIMARK IN OKTOBER GEOPEN




*Daar word reeds hard aan die Checkerssentrum gebou.*

**'n Winkelsentrum van 4 160 vk meter (die grootste in Wes-Transvaal) word binnekort deur die Checkersgroep in Potchefstroom geopen.**

Die sentrum sal bekend staan as die Checkerssentrum, en behalwe die winkelsentrum, huisves die gebou ook 23 ander winkels en twee Ster-Kinekorteaters.

'n Minimum van 500 parkeerplekke word beplan vir die gebruik van klante en sal gratis wees. Daar word verwag dat 'n aansienlike aantal inwoners uit omliggende gebiede hulle maandelikse inkopies daar sal doen.

## Hertzogprys wek kommer

DIE ASB neem met kommer kennis van die toekenning van die Hertzogprys aan **Magersfontein, o Magersfontein!** as die beste letterkundige werk van 1979, luidens 'n mosie wat met 'n meerderheid van stemme op 26 Mei tydens die ASB-hoofbestuursvergadering aanvaar is.

Die mosie stel dit dat letterkundige norme Skrifbeginsels moet eerbiedig. Die beoefening van kuns alleen ter wille van kuns, maak homself los van skriftuurlike norme en is vir die christen onaanvaarbaar. Die ASB neem ook met kommer van dié neiging by sekere Afrikaanse skrywers kennis.

## Pukke gestraf

**Die Dissiplinêre Komitee vir Studentesake van die Universiteit het op 11 en 19 Mei vanjaar vergader en verskeie studente geskors en beboet.**

Die veldtog deur die owerhede teen drankmisbruik by openbare geleenthede kan duidelik gesien word in die verslag van die komitee. Twee studente is skuldig bevind aan onbehoorlike gedrag tydens Karnaval en beboet.

Twee studente wat betrokke was by die diefstal van 'n visnet is geskors en een wat dit geberg het is 'n opgeskorte vonnis opgelê. Nog 'n student is beboet na die diefstal van fietsonderdele.

'n Damesstudent is skuldig bevind aan die diefstal van geld en is geskors.

• ASB-NATUURWETENSKAPS-KONFERENSIE

## ASB maak geskiedenis

Die ASB hou vir die eerste keer in sy geskiedenis 'n Natuurwetenskapskonferensie. Die tema is: Energie - verkryging, - verspreiding en -aanwending in die fisiese, chemiese en biologiese wetenskappe.

Dr. De Villiers van die Raad op Atoomkrag sal praat oor Kerntegnologie, mnr. D. Menne van die WNNR oor Industriële afval, prof. J. Dekker van die PU oor Steenkool en prof. J. van Wyk oor Ekologie.

Die konferensie begin op 28 Julie om 09h00 in die Sinodesaal. Die registrasiegeld is R2,00. Etes en 'n kaas-en-wyn-onthaal is daarby ingesluit.



**Op Woensdag 16 Mei om 18h30 het die verskillende rade besprekings gehou met betrekking tot die oorkoepelende tema - identiteit. Daarna is 'n gesamentlike aksie, die Raadsdialoog, aangebied waar daar deur inleiers vanuit die verskillende volksgroepe van SA gesprek gevoer is oor identiteit. Hulle was mnre. John Douw (Kleurlinge), Chris Fismer (Afrikaners), Clifford Goldsmith (Engelse), Roopa (Asiërs) en Christopher Rabale (Swartes)**

*Mnr Clifford Goldsmith, SR-voorsitter van Wits en mnr Chris Fismer, SR-voorsitter van Tukkies luister terwyl een van die ander inleiers besig is. (Foto: Thys Hart)*

## RAADSDIALOOG OOR IDENTITEIT

**Tydens die Raadsdialoog wat op 16 Mei in die Totiussaal gehou is, het verskeie sake en begrippe rondom identiteit aandag gekry sodat die vergadering tot 'n reeks gevolgtrekkings kon kom.**

Dit het geblyk dat daar 'n breë relatiwiteit in verband met etnisiteit is.

In Suid-Afrika bestaan etnisiteitbewustheid veral by die Afrikaner en Zulu, en die bestaan hiervan kan nie weggeredeneer of weggewens word nie. Dit is veral die Afrikaner wat nie bereid is om identiteit prys te gee nie.

Hoewel etnisiteits- of identiteitshandhawing omskryf is, bestaan daar nog vrae oor dié begrippe, en is die wese daarvan nie ontleed nie. Alle verskynsels kan dus nog nie verklaar en verstaan word nie.

Die handhawing van etnisiteit impliseer nie dat een groep 'n dominerende posisie ten opsigte van die ander groepe moet inneem nie. Daar moet ruimte gevind en bepaal word vir 'n normale gesonde verhouding tussen verskillende etniese groepe. Hierin sal daar moontlik 'n oplossing vir die hele vraagstuk gevind kan word.

Die beleid van afsonderlike Tuislande is 'n dekoloniaseringsproses soos wat oral in die wêreld gebeur het en as mense dit aanvaar, mag ander mense dit nie teenstaan nie.

Daar moet in Suid-Afrika weggekom word van die spook van diskriminasie. Baie goeie dinge gaan verlore onder die wolk van diskriminasie. As dit verminder kan word (selfs uitgeskakel kan word), sal mense nie die werklike identiteit miskyk of verkleineer as gevolg daarvan nie, maar dit sal 'n normale uitstippeling en ontwikkeling wees.

• Koshuisraad

## Identiteitsverandering is nie identiteitsverlies

**"Identiteit is net 'n medium om 'n volk se roeping mee uit te leef."**


Dit is die slotsom waartoe prof. J.H. Coetsee in die koshuisraadsvergadering tydens Raadsdialoogaksie van 16 Mei gekom het.

Prof. Coetsee het die Huiskomitees en primarii van die verskillende koshuise toegespreek oor volksidentiteit vanuit die gesigspunt dat so maklik van identiteitsverandering as identiteitsverlies gepraat word.

Hy het twee aspekte van identiteitsbepaling naamlik. 'n Konstante element teenoor 'n veranderlike element in elke mens uitgelig. Die mite dat identiteitsverandering tot 'n identiteitsverlies omgewingsverandering, sedesverandering en verandering van geloof lei nie tot verlies van identiteit nie, maar tot die verandering van identiteit.

Volgens prof. Coetsee lê volksidentiteit nie soseer in kultuur nie, maar in die psigologiese - "Ek beskou myself as lid van die volk." Die psigologiese hou rekening met voortdurende verandering.

Daarom moet spesifiek oor volksidentiteit gepraat word.

LEPEL IN DIE DAK STEEK?

Ruk u reg met Super Sixty




Herwin u energie, fut en lus vir die lewe met Super Sixty – die nie-sintetiese gesondheidstabule, vol van liggaamlike heilsaamheid. Elke Super Sixty tabule bevat kragtige Vitamien E plus 59 ander noodsaaklike vitamiene, spoorelemente en aminosure. Super Sixty is geformuleer in 'n groentekonsentraatbasis van pietersielie, seldery, prei, kelp (seewier) roosbottel, sitrusbioflavonoïde, melasse, torula-gis en lesitien – 'n Volkome gebalanseerde samestelling.

Moenie afgerem raak nie- laat Super Sixty in u dieet vervang wat moderne tegnologie daaruit haal – Vitamiene, die bron van lewenskrag.

'n Gehalteproduk van NATURMADE ons dra u gesondheid op die hart.

SUPER SIXTY is by alle apteke op Potchefstroom verkrygbaar.

die WAPAD

# MAGERSFONTEIN BLY IN KOLLIG

As daar een boek is waaroor al baie gepraat is - en die aanduidings is daar dat die gepratery nog lank nie verby is nie - dan is dit Magersfontein, O Magersfontein. Dit is 'n bewys dat die Afrikaner nog dink, dat hy nie die winde van verandering klakkeloos aanvaar nie, maar bereid is om gesonde gesprek daaroor te voer.

Dit is tog jammer dat baie mense nie bereid is om ten volle ingelig te word voordat hulle uitsprake oor dié omstrede boek maak nie, dat hulle mense met ander standpunte afkraak en hardkoppig by hulle eie mening bly. Hierdie houding het ook duidelik geblyk op die vergadering van die Potchefstroomse werkgemeenskap van die Akademie vir Wetenskap en Kuns wat onlangs by die Universiteit gehou is. 'n Mens het soontoe gegaan om meer lig en leiding te kry op die uiters verwarrende debat wat tans oor Margersfontein gehou word. Ten spyte van die feit dat die toesprake van die drie inleiers goed uitgewerk was, het die bespreking daarna uitgeloop op 'n aanhoudende stel van eie menings sonder dat dit op enigsins gelyk het of iemand bereid was om begrip vir die ander se standpunt te hê.

Dat die ironiese boek nie beskikbaar is nie, help - ironies genoeg - daartoe mee dat die debat veel langer sal neem om tot 'n einde te kom, want mense sal steeds bly spekuleer oor die skrale feite wat hulle te wete kan kom van mense wat die boek wel gelees het.

Die leserspubliek sal ook moet besef dat hy - as hy sou kon - Magersfontein nie op 'n Sondagagtermiddag kan deurlees nie. 'n Deeglike studie moet van die boek gemaak word vóór 'n goed gebasseerde mening uitgespreek word.

Konsekwensie is seker een van die mooiste eienskappe by mense maar ook by organisasies én die Regering. As daar besluit sou word dat Magersfontein se verwerping deur die Publikasieraad die regte ding was en die toekenning van die Hertzogprys 'n verkeerde ding, sal soortgelyke optrede teen alle soortgelyke boeke en publikasies onderneem moet word.

Die Wapad vra dat ons kalm sal bly, verantwoordelik na 'n oplossing sal soek deur saam te praat met begrip vir die ander se standpunt.

# KOUE BRING VERANDERING

Die eksamen is skaars warm of die koue tref die land - om die warm breins van studente af te koel. Noudat die koue se ergste byt weer 'n bietjie verflou het, is dit amper vakansie. Die Wapad sal eers weer na die vakansie verskyn en wens alle studente 'n aangename en vrugbare vakansie toe.

Talle groepe gaan toer. Geniet dit, maar moenie vergeet nie dat 'n studentetoer wat ordelik en glad verloop meer vir 'n universiteit se beeld kan doen as jarelange advertensie.

Die *verkiesingstyd* is ook weer kort na die vakansie - dié winde van verandering sal in die verenigings, rade en in die SSR waai. Dit is u verantwoordelikheid om mense te nomineer wat u moontlik in 1980 sal lei. Besluit dus ná goeie denke en hou dan die genomineerde kandidate dop.

Die ASB-kongres word ook gedurende die vakansie gehou. Dit bly seker die hoogtepunt van die georganiseerde studentelewe op die ASB-kampusse. Vir die kongresgangers van die PU sê ons: geniet die kongres en laat die PU se christelike ingesteldheid en invloed duidelik blyk.




# ENG IDENTITEITSDENKE

TJAART THERON, ASVS

"Ek dink nie die Kleurling het 'n afsonderlike identiteit nie, hoegenaamd nie." Aan die woord is mnr. Franklin Sonn, invloedryke rektor van die Bellville Tegniese Kollege.

Tydens 'n reeks gesprekke met leiersfigure in die Kaapse bruin gemeenskap het dit al gou geblyk dat die sogenaamde "identiteitskwessie" 'n baie sensitiewe aangeleentheid is. Daar word gevoel dat die era van eng identiteitsdenke verby is. 'n Pleidooi word gelewer vir 'n nuwe Suid-Afrikaanse patriotisme waarin die reg tot Suid-Afrikanerskap gestel word bo die besondere volksidentiteit.

"Wat hierdie klassifisering eintlik is," sê mnr. Sonn, "is die verwerping van 'n laer sosio-ekonomiese groep. En ten einde hom effektief te verwerp, moet jy hom 'n naam gee, moet jy hom etiketeer, hom brandmerk voor die kop."

Prof. Van der Ross, rektor van die lewenskragtige Universiteit van Wes-Kaapland, gaan voort: "Die Kleurling voel onbewustelik aan dat identiteit in hierdie opset van ons land gebruik is en gebruik word om mense van mekaar af te hou met die motief dat sekere groepe bo moet bly en sommige onder. Met ander woorde 'diskriminasie' en 'onderdrukking' en al hierdie negatiewe assosiasies word gemaak met die begrip 'identiteit'."

## Nie afsonderlike volk

Op die vraag "Is die Kleurling 'n afsonderlike volk?" reageer dr. Bergins, leier van die Vryheidsparty, beslis: "Nee, ek aanvaar nie dat ons 'n afsonderlike volk of afsonderlike volk in wording is nie. Ek aanvaar dat ons 'n bevolkingsdeel van die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap is in ons eie reg en daarom stel ek die belang en eenheid van Kleurlinge dwarsoor Suidelike Afrika voorop met inagneming egter van die belange van ander bevolkingsgroepe."

"Waar hy kultureel anders kyn te wees," voeg prof. Van der Ross by, "waar dit lyk of daar ander lewens- en gedragspatrone is, is dit nie die verwesenliking van 'n ander kultuur nie, maar liewer van 'n subkultuur van armoede; net soos wat jy gehad het met jou armblanke. Wat nou van die etniese identiteit van hierdie groep? As gevolg van hierdie historiese ontwikkeling het daar deur die eeue 'n groep mense uit-gekristalliseer wat onmiskenbaar is, wat ons 'Kleurlinge' noem. Maar dit is 'n groep wat ons die Kleurling-bevolking sal noem en nie die Kleurlingvolk nie, nie die Kleurlingnasie nie."

## Nie Afrikaner

Dr. Bergins het gesê die Kleurling wil nie deel van die Afrikanervolk wees nie. "Die Afrikaner kan sy identiteit handhaaf en ek gun hom die reg as die regte van ander nie daardeur benadeel word nie."

Mnr. Sonn: "Mense wil nie Afrikaners wees nie. Afrikanerskap konnoteer vir hulle negatiewe dinge. Dit konnoteer vir hulle engheid, pre-okkupasie met velkleur, dit konnoteer vir hulle verdrukking. Daarom is Afrikanerskap nie iets waarna enige Afrikaanse Kleurling streef nie. Wat hy hom op beroem, is dat hy Afrikaans is. Met ander woorde sy kultuurbelewing geskied in die Afrikaanse milieu."

## Swart identifikasie

Oor die oënskynlike identifikasie met die Swartman het ds. Jan Mettler, lid van die Moderatuur van die N.G.-Sendingkerk, soos volg geantwoord: "Omdat die Blanke so lank vir homself die alleenreg toegeëien het om te sê: 'Kyk, ek bepaal die politieke denkskrum in Suid-Afrika. Ek bepaal die klimaat. Ek bepaal die beleid en implimenteer dit', het jou bruinman hom al meer aangetrokke gevoel tot sy eweknie, die swartman wat polities dieselfde onderdrukkingspad moet loop. Die een primêre ding waarvoor ek gaan veg tot die einde van my lewe is magsdeling, is deelname aan die politieke prosesse in Suid-Afrika. Maar die ding het 'n nuwe aksent gekry. En dit is dié aksent: dat ons ook die swartman op die politieke raad moet meeneem en nie mag los nie!"

## Afrikaneridentiteit

Die Afrikaner hoef nie sy identiteit prys te gee as antwoord op die pleidooi vir 'n nuwe Suid-Afrikaanse patriotisme nie, sê ds. Mettler . . . want jy is 'n Afrikaner en jy kan nie help dat jy 'n Afrikaner is nie. Wat ek wel gaan vra, is dit: dat jy my as vennoot, as mens wat ook 'n stuk menswaardigheid in hom het, volkome moet aanvaar en volkome moet akkommodeer binne al die dinge wat jy vir jouself toegeëien het. As jy op jou identiteit 'n hoë premie stel, goed en wel, maar moet nie dit op my kom afdwing nie.

Afrikaneridentiteit het op die lang duur 'n kans op oorlewing volgens mnr. Sonn. "Maar nie as dit is ten koste van ander nie, as 'n verskoning om baas te wees en die mag te behou nie. Solank hy net nie 'n bedreiging inhou vir ander nie. Want in die mate wat die Afrikaner ander polities bedreig, gaan ook sy kultuur die reaksie van politieke bedreiging ervaar," sê hy.

Dr. Allan Boesak, studenteleraar van die N.G.-Sendingkerk by die Universiteit van Wes-Kaapland sê die Afrikaner sal sy identiteit, soos hy dit nou wil handhaaf, moet prysgee. Hy dink aan die Afrikaner as sy regering met 'n onderdrukkende beleid omdat hy ook baas wil wees. "Afrikanerskap is vir my nou verbonde met baasskap, wat ek verwerp, met 'n beleid wat ek nie wil hê nie, wat ek nie voor gestem het nie. Wat ek nie eers die kans gekry het om ja of nee voor te sê nie. Nou dit is die beeld van Afrikaner-wees by al die ander miljoene swartmense hier in Suid-Afrika. As ons dus sou dink aan die Afrikaner en mense sou vir jou sê 'moet die Afrikaner as Afrikaner voortbestaan?' dan dink ons aan daardie beeld van die Afrikaner. As Afrikanerskap ook nog gekoppel kan word aan 'n duidelike en sterk beweging om hierdie onaangename periode van ons geskiedenis agter ons te kry, dan sal dit anders wees."

## Swartbewussyn

Die rol van die sogenaamde "Swartbewussyn" in die geledere van die Kleurlinge is ook ondersoek.

Mnr. Sonn het gesê: "Swartbewussyn is 'n ding wat moes gekom het, want as dit nie gekom het nie dan was 'n hele klomp mense heeltemal vernietig. Want geen mens kan voortbestaan as 'n minus nie. Jy moet 'n plus wees. Voor die ontwaking van Swartbewussyn was die geldende waardestelsel die witte en was daar gemeet met wit norme en was jy aanvaarbaar of suksesvol in die mate wat jy voldoen het daaraan. Met ander woorde, as jou hare kroes is, is dit lelik. Nou moet jy weet: watter kans het 'n meisie met 'n swart gelaat? Want per definisie is sy lelik. Nou watter kans het sy tot positiewe selfbelewing?"

## Saambestaan

Oor vooruitsigte op 'n vreedsame saambestaan in Suid-Afrika het mnr. Sonn gesê: "Daar is so baie dinge wat gemene delers is. Die dinge wat mense uit mekaar uit hou, is die swakker dinge. Byvoorbeeld wetgewing: jy kan hom maak of verander. Maar die dinge wat bymekaarbring, is die dinge wat sterk is en wat jy nie kan verander nie en dit is 'n landsgebondenheid. Dit is 'n gemeenskaplike kultuurbelewing. Dit is, die belangrikste van alles, jou geloof, jou geskiedenis. En daardie drie bindende faktore is sterker as die faktore wat uit mekaar uit hou."

"Ons het net nodig," sluit prof. Van der Ross af, "dat daar op een of ander tydstip (binnekort) 'n baie duidelike aanduiding gegee word van die wat nou die politieke mag besit dat hulle bereid is om daardie mag te deel. Daardie persone wat nou glo in dominasie, moet aanvaar dat, indien hulle dominasie prysgee, hulle nie ook afstand hoef te doen van hulle bestaansreg in Suid-Afrika, hulle lewensstandaard en daardie ding wat hulle identiteit noem, nie. Dit kan ook nog bly, onaangetas, maar om dit te behou, is politieke dominasie nie 'n *sine qua non* nie. As ons daardie gedagte kan deurkry na mense, dan dink ek is Suid-Afrika op pad na 'n blink toekoms."

**ASVS is die Afrikaanse studentevereniging van die Universiteit van Stellenbosch. *Stimulus*, hulle mondstuk, het dié artikel geskryf in opdrag van ASPU.**

## *Uit die woord*

# VLEESLIKE FEESTE

"En die werke van die vlees is openbaar, naamlik . . . dronkenskap, brassery en derglike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie." (Gal. 5:19,21.)

"Moenie dronk word van wyn nie - daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul. Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere: en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here." Ef. 5:18,19.

Daarom is dit dan ook dat ons almal wat weet dat hulle met die navolgende sondes besmet is, vermaan om julle van die tafel van die Here te onthou, en aan hulle verkondig dat hulle deel in die ryk van God het nie." Só lui die Nagmaalsformulier. Daarin haal die formulier onder andere vir Paulus aan, wat sê: Ek waarsku julle, nadat ek dit al tevore ook gedoen het, dat dié wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie. Dit gaan dus nie oor luukse dinge nie, maar oor die ewige lewe. Die ewige lewe is naamlik in ons vleeslike feeste op die spel. Ons moet erken dat 'n waarlik christelike fees maar skaars is. As ons op 'n fees vrolikheid met alkohol moet opwek, is ons brandarm aan innerlike lewensvreugde en dankbaarheid. In dronkenskap gaan die mens homself te buite.

Natuurlik het ons soms behoefte aan feestelikheid, by 'n huwelik of huweliksherdenking; ná 'n geslaagde eksamen. Laat die wyn van Kana dan maar kom. Maar laat Jesus die wyn bring en daar op die fees Sy heerlikheid openbaar! Die Heiland het nie hierdie wonder gedoen om die gaste te veel te laat drink nie. Dan sou Jesus liewer die wyn in water verander het. Ons mag en behoort fees te vier - maar só dat God aan wie ons die geluk te danke het, deur die fees eer, dank en lof ontvang. Op so 'n fees kan die humor vloei soos wyn en die gelag opklink soos musiek. Maar lag en rumoer is twee!

Paulus maak ook 'n skerp onderskeid tussen dronk word, vol word van wyn wat bandeloosheid is, en vervul word met die gees. Hy bedoel nie dat 'n bruilof soos 'n begrafnis moet wees nie, maar op die fees moet dit wel blyk dat ons die liggaam van Christus is. Gods genade moet die aanleiding tot elke fees wees. 'n Mens wat vrolik is en sy vreugde nie meer kan uitdruk in psalms, lofsange en geestelike liedere nie, moet gaan ondersoek instel na die bron van sy vreugde. As wyn u laat struikel, werp dit van u weg. Dit is beter om sonder wyn die koninkryk van God in te gaan, as om in die roes van vleeslike vreugde die eweige verderf in te stort. Dit is duidelik!

# Spektrum 1979

# DOSENTE VAN TUKS STAL UIT


**Die uitstalling wat in die uitstallingslokaal van die Frans du Toit aangebied was, het bestaan uit skilderye en beeldhouwerke deur die doserende personeel van die Departement Beeldende Kunste van die Universiteit van Pretoria.**

Die skilderye is te koop aangebied. Werke van Julia Beeton, Ernst de Jongh, Keith Dietrich en Jeanne Kotzé is ondermeer op die uitstalling te sien.

Die werke het 'n wyd uiteenlopende karakter- beide wat styl en inhoud betref. Dit is moontlik te wyte aan die hoë premie wat dié dosente stel op individualisme. Tog loop daar 'n onderliggende eenvormigheid deur die werke op dié uitstalling: dit kan moontlik toegeskryf word aan die bewustheid van die kunstenaars van kuns as visuele taal in die hedendaagse samelewing.

Dié uitstalling was een van die bestes wat vanjaar nog aan die PU aangebied is - 'n jammerte as mens dit misgeloop het.

*Een van die werke van Ernst de Jongh wat op die uitstalling te sien was.*





*Jeanne Kotzé.*



*Ernst de Jong.*

# WINTERVONKEL - DIE DEBUUT VAN ANNELI VAN ROOYEN

**Anneli van Rooyen, jong sangeres uit die stad 'van die Benze en die broodbome, Pretoria, is die volgende kunstenares in die gewilde Vonkelreeks wat vanaf 25 tot 29 Junie in die P.U. Kamertoneel aangebied word. Die regie word gedoen deur Teunis Botha, Anneli van Rooyen word bygestaan deur Pieter Oberholzer wat as seremoniemeester optree, Tommie Hoffman en W.D. Jonker.**

Die program is verdeel in drie afdelings, naamlik lenteliedjies, somer- en winterliefde. Van die liedjies wat self deur Anneli van Rooyen geskryf en getoonset is, is verskeie hoogtepunte. Hieronder is titels soos **Ben Triovanti, Dis Jy, Ek kan dit nie keer, Clown** en **Stormswallow,** terwyl Tommie Hoffman en sy groepie onderneer drie van sy eie komposisies sing, tewete **Die liefde stap ..., Om iemand te wees vir iemand** en **Ek wil jou liefhê.**

Dit beloof om 'n heerlike aand van ligte, speelse hartseer teatervermaak te wees. By hierdie geleentheid word die eet- en drinkgoed in die voorportaal geniet terwyl die program in die teater self plaasvind.

Ten slotte, een van die liedjies van mej. Van Rooyen is net om die belangstelling te prikkel vir hierdie revue van Afrikaanse folkliedjies.

Waarom luister ek nog
vir jou voetval op die gruis
waarom hoor ek nog steeds
jou stem in die wind
waarom soek ek verdwaald
na jou lag in die reën
waarom luister ek nog . . .

In elkeen sien ek jou
jou naam is eggo wat brand
jy leef in moeë drome
jy leef in koue onthoue

Elke dag saam met jou
was 'n bont kleurespel van geluk
die antwoord op my vrae -
jy het dit van my weggeruk.

# NUWE TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

**Die Februarie-uitgawe van TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE is nou op die kampus beskikbaar. Dit is nuut en vars. Uiterlik is dit kleiner van formaat en 'n bietjie dikker as gewoonlik met 'n splinternuwe voorblad.**

Die inhoud is besonder prikkelend. Daar is nuwe gedigte deur Lina Spies en nuwe prosa deur J.C. Steyn. Van dr. Con de Villiers is daar briewe en 'n herdenkingstoespraak vir Langenhoven. Dr. Con word ook gehuldig in 'n huldeblyk deur Hennie Aucamp.

Dit bevat ook drie literêr-teoretiese artikels, waaronder "Die openingsgedig as programgedig" deur W.J.A. van Tonder en "Die dimensies van die gesproke woord in 'n verhaal van Jacques Hamelink" deur E.C. Britz.

Naas gedigte deur onderandere Jeanette Ferreira, Chris Pelser, Kobus Farrell en 'n verhaal deur Douwlina Grobler, bevat dié nommer ook 'n lys nuwe Afrikaanse boeke. W.A. de Klerk lui die letterkunde van die Sewentigers uit met 'n vooruitskouing.

**Tydskrif** is te koop by kamer 101 of 202 van die Opvoedkunde- Psigologiegebou @ R1,25 per eksemplaar. Die nommers van Augustus en November 1978 is ook nog beskikbaar.

# . . . ek skryf 'n gedig

wat enkele aspekte van die lewe moet belig
wat ek gaan sê . . . nou ja, ek weet nie,
maar vir iemand wat veel praat, is dít nie juis bloedsweet nie
'n korte aanvangswoordjie;
toe ek my weer kom kry
teken ek die visuele werklikheid van 'n blompie en 'n by
(Net voordat u dink my karakter is sedeloos en ietwat onguurlik . . .
die bedoeling is rein . . . en die tekening natuurlik)

Dan dink ek met heimweë
aan ons liefderyke verbond
Maar 'n man bly tog 'n man
. . . en kort voor lank ruik ek weer lont
. . . die gebonde hande, dapper woorde . . . gereduseer tot langsaam sug
al ons goeie voornemens, ambisieuse planne . . . ag hemel, wat 'n klug!
onwillekeurig moet ek een kristallig traan wegpink,
want weer eens het ons in die diepe oeroue moerasse weggesink.
My tissue is al week . . . en steeds vloei nog die trane;
mens sou sweer die hemel het nie net sluise, maar geglorifiede krane

Nou wonder u seker wat murmureer ek dan van verligting;
dan keer ek terug tot wêreldvraagstuk: geslagt'like ontstigting

Op 'n gewyde Sondagoomblik het ons plegtig hand gevat;
ons sou die manne treiter dat die protoplasma spat;
'n man kan ons nie raak nie;
nee, te ver was ons verhewe
(maar ek sê aan my, "My liefling, jy sien klaar jou agterstewe")
Met jou genetiese samestelling kan jy werklikheid nie ontvlug;
dit bly 'n manlik-onweerstaanbaar roeping om jou doenlik te ontstig.
Maar by Artikel Twee van statuut so kort en bondig,
het ek darem onderneem om ook húlle siele te versondig.

Versuring en ontstigting . . .
soeter woorde kan geeneen my mee besing
Voorwaarts, dapper ridders
. . . die manne moet nog afgronde bespring
tormentasie, sielsversond'ging . . . kan die H.A.T. dan soeter wys
Mamma se ou seuntjie sal dink die hel is paradys ! ! !

O soete drome, lugkastele . . .
Melodramatiese taferele . . .
en nou moet ek by myself deemoedig weer gaan pleit
om met 'n plebiaanse ploemps te land rég ín die werklikheid:
Ek is en bly 'n stupid moggel
en 'n simpel goor ou sot,
maar die eerbare verbond sal ek nooit nie kan bespot
ek weet dat ek een helfte nooit myne sal kan maak-,
ek meen hoe kan ek dan nou nog my gene ook versaak?
dit is ek; 'n door so vaal en grou
met die mentaliteit van 'n dronk donkie stamp ek my elke keer weer rou

Maar eendag moet ek opstaan en my wonde gaan verbind
en met donkie-vampiertande manlik-chauvinisme gaan verslind.

En nou hoop ek dat die res van ons dapper patriotte
die manne sal **bewérk**; soos 'n kers maar maak met motte
Dra ons vaandel hoog; dat hy van gevoelvol begeest'ring lewe en die ander geslag tot in hul linkerventrikels laat bewe

en voor die woorde uit my pen en my verhemelte verslyt
onthou om nie net vas, maar knap stukkend ook te byt!
**Pikkedel-se-Pêl**

# THALIA AMPER GEREED

MET NOG minder as 'n week oor, is Thalia toergereed. Repetisies vlot goed, dékor is gereed, die lede is reg, en die organiseerders beloof 'n goeie gehoor. Met die lekker gevoel agter alles, word daar op die laaste dag van die termyn vertrek met die toer deur die Noordwes-Kaap.

Wat die optredes op die PU betref, sal daar eers in September in die studentesentrum opgetree word. Dit is op 1, 5, en 7 September. Die studente wat al gedeeltes van die repetisies bygewoon het, is almal baie beïndruk, en nie net met die stuk nie, ook met die gehalte van die spel wat onder die wakende oog van Dr. Peet van Rensburg opgetower word.

OORSKOTJIE beloof om die hoogtepunt van THALIA tot op hede te wees.

# DEBUUT '79

## - " 'n Nuwe liedjie op 'n ou deuntjie!"

**Departement Spraakleer en Drama se eerstejaars van Toneelkunde het hulle eerste buiging op die verhoog gemaak. Dit was die "nuwe liedjie"! En die "deuntjie" wat hulle gespeel het is inderdaad oud. Om presies te wees dit is 137 jaar oud want dis die werk van Melt Brink wat hulle van die rakke van die argief afhaal en op die verhoog "plaas".**

Debuut '79 was in der waarheid dus "Kom rinkink saam met Melt Brink!" En rinkink was dit voorwaar! Die negetal vrolike eerstejaars het die gehoor eerstens na "Die Bruilof van Miss Aap" geneem. En wat dáár nie alles te kry en te sien was nie, hoef nie genoem te word nie.

Dit was 'n puik gedagte om die "Grappige stories en ander verse" van Melt Brink van die rak waar hulle stof vergader, af te haal en blinknuut aan 'n gehoor voor te stel. Brink sê self van sy werk dat dit versies en nie gedigte genoem moet word nie. Die versies laat 'n mens egter heeltemal ontspan en lekker lag. Die eerstejaars wat op dié vrolike noot hulle Debuut gemaak het, het ook Melt Brink, die toneelskrywer aan ons voorgestel. Die toneelstukkies was beslis goeie teatermateriaal. Op burleske wyse steek Melt Brink die draak met al die algemeen menslike swakheidjies . . . Vir die vrouens was daar veel om te geniet, want die man trek altyd aan die kortste ent in Brink se toneeltjies. Vir die man was daar dus veel om oor na te dink. As hy nie te dom is om die jawoord te vra nie, is hy te lomp om medisynedruppels af te meet of moet hy in die kamerparlement deurloop omdat hy 'n verdagte brief skryf of dalk net 'n leuentjie vertel het! Die situasies waarin die karakters hulle bevind het, was meestal skreeusnaaks en telkens het die vrou haar baasskap bewys.


WENMOTOR*




Nuwe Volkswagen Golf
Die grootste idee in die wêreld van klein motors.

Kom sien self waarom die Golf dié motor van die jaar genoem word.
Golf LS 2- en 4-deur, GLS 4-deur handrat en outomaties, GTS 4-deur, Diesel 4-deur.

**Met 'n volle 12-maande-waarborg, ongeag die afstand afgelê.**

**Harold's Volkswagen**

**Kerkstraat 220, Potchefstroom. Tel. 4261**

* 1978 se Star, Ankers, Scope.

# SACLA IS POSITIEF

**- deur Maurits van Wyk**

**Die Suid-Afrikaanse Christen- leierskapskonferensie vind vanaf 8 tot 15 Julie op die Pretoriase skougronde plaas. Tans is daar 'n hewige debat rondom die moontlike sukses van die SACLA-konferensie. Daar word onder andere beweer dat die konferensie soos alle soortgelyke konferensies tot mislukking gedoem is en dat dialoog gaan plaasvind ten koste van die waarheid. Die Wapad het met Pieter Fourie gaan gesels om lig te werp op die saak.**

**Vraag:** Pieter, wat beoog SACLA?

**Antwoord:** SACLA wil deurdring na die praktiese hier-en-nou Chirstenwees in Suid-Afrika. Dit wil verskillende Christengedagtes saambring vir dialoog met die Woord van God as riglyn. SACLA is 'n eenmalige konferensie en wil geen vaste organisasie of nuwe kerk tot stand bring nie.

**Vraag:** Gaan SACLA soos ander soortgelyke konferensies misluk in sy doelstelling?

**Antwoord:** SACLA is uniek. Ander konferensies, soos die Burgersparkberaad en Cottesloe was andersoortig in die volgende opsigte: Op beide bogenoemde konferensies het slegs kerkleiers bymekaar gekom. Op beide bogenoemde konferensies is ten spyte van verskille gepoog om konsensusse te formuleer. SACLA bring gewone christene saam om vanuit die Woord teenoor mekaar te getuig. SACLA wil geensins poog om konsensus of kompromie te bewerkstellig nie. Dit sal die Heilige Gees se werk wees om konferensiegangers te oortuig hoe hulle hul lewens na die Woord van God moet rig. Die "sukses" van SACLA sal gemeet word aan die spontane getuienis van Christene ná die konferensie.

**Vraag:** Gaan die waarheid gerelativeer word op 'n konferensie met so 'n mengelmoes van Christene?

**Antwoord:** Om die vergruising van die waarheid te voorkom het die organiseerders die volgende maatreëls getref: 1) 'n Basis van geloof is opgestel waarmee saamgestem moet word alvorens deelgeneem kan word (waarin onder andere die Godheid van Christus en die onfeilbaarheid van die Woord van God erken word). 2) die klem val op CHRISTEN-konferensiegangers. Streng keuring word gedoen. 3) Die konferensie is só gestruktureer dat geen groep ongeoorloofdes druk op die rigting en inslag van die konferensie kan uitoefen nie.

**Vraag:** Pieter, hoe berei die PU konferensiegangers voor vir die konferensie?

**Antwoord:** Ons hou twee vergaderings. Op Donderdag 21 Junie gesels ons oor die onderwerp, ***Hoe ver strek ekumenisiteit?*** Dr. Bennie van der Walt is die gespreksleier. Op Dinsdag 26 Junie gesels ons oor die werking van die Heilige Gees, wanneer ds. Ben de Klerk as gespreksleier optree.

Ons besef egter dat net God SACLA kan laat slaag. Daarom bid ons ook sonder ophou dat Hy die konferensie sal rig en lei deur Sy Woord en Gees. Ons gaan gelowig-verantwoordelik met die doel om te getuig.

GELOWIG - omdat ons glo dat God vandag mag het om te doen ver bo alles wat ons bid en dink (Ef.3:20).

VERANTWOORDELIK - omdat ons met 'n goeie gewete (gerig en gevorm volgens die Woord van God) vir ons deeglik uitgemaak het dat SACLA tot Gods eer kan wees.

OM TE GETUIG - vanuit ons ryk erfenis as Christen-Afrikaners teenoor sovele wat glad nie glo dat Afrikaners werklik Christene kan wees nie.

## Koshuis



### Wag-'n-bietjie

Die eksamentyd in die bont skilpad het nie heeltemal sonder die gebruiklike gebeurlikhede verloop nie - baie het eerder gewig as kennis vermeerder as gevolg van "deurnagte" se koffie en beskuit. Om dinge egter 'n ander kleur te gee, het die primaria en haar vriendin besluit om liewer met die lessenaarblad op die vloer te "swot" - 'n "tip" vir alle HOD-studente. So kom mens vergelykend op sy beste deur.

Met die koms van die uitslae egter het die S-blok se warm water die wyk geneem - hulle wil graag weet wat die U-blok gedoen het om hulle s'n te behou.

Die interkom is nou weer terug in sy normale toestand nadat dit amper 'n halwe dag reg was.

So met die eksamen het die liefde nie agtergebly nie - daarvan kon Connie getuig. In die stilligheid het Petro Nieuwenhuis gekwalifiseer vir Wes-Transvaal korfbal. Ons wens haar sterkte toe vir die Suid-Afrikaanse kampioenskappe in Pretoria.

Al die dames word 'n aangename vakansie toegewens.



### Caput

**"... en die kat kom weer ..." Die kampus het al amper vergeet van Caput en ewe skielik staan hy weer uit soos veertjies op 'n hond se rug. Elke gebeurtenis is vir die kat 'n heerlike dis.**

Hiervan kan die rugby teen Drakenstein en Klooster getuig. Met die muurbal het dit net so goed gegaan want Klooster het nie opgedaag nie en Villagers wat opgedaag het, het "afgetjop."

Kuns en kultuur het sy vooruitgang en gang 1 het die donkerkamer waar Fokus en baie manne hulleself geniet.

Van die os op die jas, onder die bekwame en heldere denke van neef Karel Bierman is daar besluit om die H.G.R.A. (die Herstigte Genootskap vir Regte Afrikaners) te stig wat hom ten doel stel om die interne struktuur van die studente taal te verstewig, met die invleg van idiome. Die volledige beleidsverklaring sal eersdaags in die maandblad "Ons Grote" verskyn. Neef Gert Breedt is omstrede verkies as die ere-president.

### MAKOUVLEI

**In Makouvlei is dit oefentyd.**

Eerstens oefen die manne rugby. Die grootste getal manne die afgelope seisoen was met die afskop van die tweede termyn by die oefening.

In die tweede plek oefen die manne só vingerbord dat die pitte eintlik warm word. Die nuut-ingestelde "vingerbord-kampioenskappe" het teen 'n geweldige pas begin. Baie geluk aan Sarel Olivier, die eerste en steeds onoorwonne "Makouvlei-vingerbordkampioen".

So 'n paar manne oefen darem hulle breine voor die boeke. So in stilte ...

Jan van der Westhuizen het sy intrek in Karlien geneem. Hy kom darem nog so nou en dan hier by sy oorspronklike koshuis kuier. Dit is net snaaks dat hy telkens voor 'n rugby-oefening geelsug kry, maar op pad terug Karlien toe na 'n kuiertjie by Makouvlei, lyk hy besonder goed.

Kamer 33, die oorspronklike HK-kamer, die grootste in die koshuis, het nuwe inwoners gekry. Ongelukkig is die twee manne, Chris Barnard en Pieter Carstens, so gelukkig in hulle nuwe woonplek dat hulle sommer pal daar bly - hulle draf nie eens meer klas nie.

Hentie Kruger, een van ons plaaslike predikante, (voornemend altans) moes nou die dag die tafelgebed in die sentrale eetsaal doen. Hy het sy bes probeer, maar kon nie die mikrofoon aan die gang kry nie. Die kragprop was nie ingeprop nie.

Wees gewaarsku, PUKKE, in ons koshuis is daar darem 'n eerstejaar tokkelok, Willem Barnard, wat niks daarvan dink om deur geslote deure te loop nie.



### Klooster

**Koue en smeltdrade wat nie die spanning van die baie verwarmers kan hanteer nie, is hier aan die orde van die dag. As dit nou verder gekombineer word met die eksamen wat verby is, kan 'n mens verwag dat hier minstens 'n noodtoestand afgekondig moes word. Maar as 'n mens die Kloostermanne ken, weet 'n mens dat so iets nie maklik kan gebeur nie.**

Klooster se rugby ry op die oomblik baie wipplank. Oorwinnings is behaal oor die Pampoenboere, Drakenstein en Villagers. Ongelukkig het hulle weer verloor teen Amajuba en Dawie Dup. Waar die sukses van die rugby ontbreek, vergoed die goeie ondersteuning van die inwoners baie. Dit lyk of die Maandagmiddag-wedstryde in 'n groot mate hiervoor verantwoordelik is.

Met die tennis gaan dit baie beter en die eerstespan het nog nie 'n wedstryd verloor nie. 'n Mens wil maar net hoop dat hulle op dieselfde manier kan voortgaan.

'n Baie geslaagde aksie is Dinsdagaand met Oosterhof gehou. Tydens hierdie aksie is ook bepaal wie nou eintlik die kampioen sokkerspan in die koshuis is. Die "inter-Dallas" met die dames sal ook nie lig vergeet word nie.

Verder sien almal baie uit na die vakansie en ná die eksamen is dit al wat nodig is om weer met versterkte liggaam en gees volgende termyn by die koshuis aan te kom.



### Kulu

**Die dames van KULU het 'n suksesvolle trapkartoer vanaf Potchefstroom na Louis Trichardt onderneem. Hulle het Dinsdag, 10 April, vertrek en die toer het op Maandag, 16 April, in Louis Trichardt geëindig.**

In al die dorpe: Johannesburg, Pretoria, Warmbad, Potgietersrus, Pietersburg en Louis Trichardt is die dames met groot vriendelikheid ontvang.

Tussen al die vrolikheid saans, is daar bedags hard gesweet. Die verkeerspolisie het graag hulp verleen om alles deur die dorpe goed te laat verloop.

Die "groot" toer is beëindig deur 'n braaivleis op Louis Trichardt.



### Oosterhof

Die winter het nou opgehou om te speel. Hy is nou regtig hier. So ook hou angs vir eksamen almal in 'n stewige wurggreep, maar al bibber en beef ons van binne en buite, ons is nog op en aan die gang! Met ons vriendelike gesiggies gaan ons die oues-van-dae se winter bietjie opvrolik met regte Oosterhoftalent. En om so 'n bietjie nuwe bloed in ons liefdesakies te kry, reël ons iets saam met Klooster. (Dit wil al vir my lyk of sommige van die Overs-vuurtjies nou net as is!). En Oosternooiens, raai wie is eerste in die tennisliga? Nog 'n kishou namens Oosterhof!

# AFRIKAANSE KOERANTLESERS

**deur Corné Mulder**

**"Wat gaan aan met ons koerante?" "Waarheen wil die koerante met ons?" "Moet die pers so sensasioneel en permissief met onsmaaklike moord-seks en ander stories wees?" "Die Suid-Afrikaanse pers is die swakste in die wêreld." ... dit is van die uitsprake wat daagliks op ons kampus onder ons studente gehoor word.**

Alhoewel hierdie uitsprake nie ongegrond is nie, is dit hoofsaaklik gebaseer op 'n onkritiese en oningeligte beskouing van die Afrikaanse koerantwese wat ons by Afrikaanse koerantlesers aantref.

Tradisioneel was daar al die jare 'n noue verbintenis tussen die Afrikaanse koerante en die Afrikaner-politiek. Dit blyk uit die feit dat bekende Afrikaner-politici soos dr. D.F. Malan en dr. H.F. Verwoerd regstreeks verbind was met die Afrikaanse koerante as redakteurs. In die Afrikaner se politieke stryd het die Afrikaanse koerante dan ook deurgaans as mondstukke van veral die Nasionale Party opgetree. Die Afrikaanse koerantleser is in hierdie tradisie opgevoed en het hierdie siening blykbaar nog nie afgeskud nie.

Daar het egter 'n nuwe benadering ingetree by ons Afrikaanse koerante. Die eerste tekens van die benadering vind ons met die koms van die ou Sondagkoerant, die Beeld. In sy eerste uitgawe stel die koerant dit duidelik dat sy benadering meer die krities onafhanklike van die Engelse pers gaan wees. Die koerant hou hom die reg voor om kritiek te lewer sonder enige partyverbintenisse of onderwerping aan partygesag.

Die Sondagkoerant, Rapport het ook van hierdie benadering gebruik gemaak en spoedig het tradisioneel getroue partykoerante soos die Transvaler, Burger en Vaderland ook hierdie spesifieke benadering gevolg.

Mnr. Dirk Richard as redakteur van die Vaderland, stel die saak so as hy van die koerant skryf: "Hy moet erken word as volwaardige vennoot, met 'n eie stem, en nie 'n lakei wat bloot met die stem van die Party moet praat nie. Die Pers (veral dié van die Noorde) se posisie van groter onafhanklikheid is 'n natuurlike evolusie wat Afrikanerverstedeliking meegebring het. Die koerant het nie skielik soos 'n rebelse, onmondige jongman sy pa se gesag gaan omver werp nie. Hy het nes 'n normale mens mondig en selfstandig geword."

Dr. Willem de Klerk skryf in dieselfde trant oor die verhouding tussen die Nasionale Party en die Afrikaanse koerante soos volg: "So 'n eggoverhouding is vir die Nasionale Party en die koerant oneervol. Dit is die verantwoordelikheid van 'n koerant om krities, verkennend, vertolkend en ondersteunend in politieke gesprekke te tree oor beleidsrigtinge en beleidsbesluite."

'n Bekende Nasionale Partyleier het hieroor gesê: "Geen koerant in Suid-Afrika het die voorreg om die Nasionale Party se amptelike standpunt te verkondig nie."

Die vorige Eerste Minister, mnr. Vorster het gesê: "Net so min as die party hom veroorloof om aan 'n koerant voor te skryf wie hy mag aanstel en wie nie, net so min mag 'n koerant hom in die party se huishoudelike sake inmeng."

Die ou vertrouensverhouding tussen die party en sy koerant bestaan dus nie meer nie. Dit hou in dat die redakteur se standpunte nie noodwendig partybeleid is nie en dat hy nie noodwendig oor allerlei binne-inligting beskik waarop sy standpunt gegrond word nie. Sy hoofartikel moet dus as net nog 'n mening gesien word. Aangesien die volk nie die redakteur van 'n koerant aanwys nie, kan hy hoegenaamd nie namens die volk praat nie. Daar word gevra wat die redakteur se standpunt beter en korrekter maak as dié van sy buurman wat ook oor die politiek dink en dit erns maak met SA se toekoms.

Uit die reaksie van Afrikaners op sekere koerantberigte en selfs uit uitsprake van sekere Afrikaanse leiers, is dit duidelik dat die Afrikaner nog steeds sy tradisionele onkritiese houding teenoor die Afrikaner koerante het en alles wat daarin opgedis word, vir die waarheid absorbeer. Dit is 'n uiters naïewe siening in die lig van die veranderinge wat ingetree het.

As 'n wetenskaplike opname dan bevind dat die meerderheid Afrikaners Minister Pik Botha se politieke standpunte steun, kan daar weinig waarde aan geheg word. 'n Vraag oor die politieke standpunt van Minister Pik Botha veronderstel 'n ingeligte Afrikaner-publiek in sover dit sy standpunte raak. Alleenlik dan kan so 'n antwoord geldig wees. Vanweë die onkritiese houding van die Afrikaner-koerantleser, kan ons ongelukkig nie altyd van 'n ingeligte Afrikaner-publiek praat nie.

**Hierdie is 'n publikasie van Politiese Perspektief. Standpunte hierin weergegee verteenwoordig nie noodwendig dié van die Politiese Raad nie.**

# Sport




# MUURBAL UTOPIA

**Van die muurbalklub se bestuurslede het onlangs 'n draai gaan maak by die nuwe muurbalbane in die studentesentrum, en vir hulle was dit voorwaar 'n belewenis om te sien wat daar vir die muurbalspelers in die nuwe termyn wag.**

Die algemene mening van die boukontrakteurs is dat die kompleks voor die intervarsity met UOVS gereed sal wees om te gebruik. Die hoop is egter dat daar reeds vanaf die begin van Augustus van die bane gebruik gemaak kan word.

Daar is in totaal ses nuwe bane waarvan een 'n glasagtermuur en pawiljoen vir veertig mense het. Hierdie baan sal slegs vir vertoon en ligawedstryde gebruik word.

Die bestuur is ook besig om die reël vir bespreking van bane te hersien. 'n Nuwe stelsel vir die gebruik van bane sal waarskynlik saamgestel word.

Die ou muurbalbane sal egter nie hulle status verloor nie aangesien hulle steeds vir koshuisliga wedstryde en spanoefeninge gebruik sal word.

Die eerste groot toernooi wat op die bane aangebied gaan word, is die SAU in 1980. Daar sal nog gedurende hierdie jaar 'n paar vriendskaplike W-Tvl byeenkomste plaasvind.

Persone wat belangstel om lede van die klub te word, is baie welkom om aan te sluit. Daar is tans elke Saterdag gratis afrigting vir beginners.



***Só lyk een van die ses nuwe muurbalbane wat in die studentesentrum gebou is. Foto (Jaco Pretorius).***



*Mnr. Johan van Rensburg (middel), Adjunk-Besturende Direkteur van Harold's/-Pat's-Organisasie, oorhandig 'n prysgeld van R1 000 vir die wenners van die Saambou-Nasionale Bouverenigingkoshuisligas aan die PU, aan mnr. Piet Malan, Sport-direkteur van die Potchefstroomse Universiteit. Links verskyn mnr. Dirk de Vos, Adjunk-Direkteur Sportpromosies van die PU en regs mnre. Piet Groenewald, Voorsitter van die PU-Sportraad en Jim van Zyl, Voorsitter PU-Koshuissportraad.*

# HAROLD'S/PAT'S ORGANISASIE EN DIE PUK-STUDENT

BY DIE oorhandiging van die prysgeld het mnr. Johan van Rensburg, Adjunk Besturende Direkteur van Harold's/Pat's-Organisasie gesê dat dit vir die onderneming gebruiklik is om beleggings te maak in die aktiwiteite van die jeug in wie se hande die toekoms opgesluit lê. Hierdie skenking is nog 'n bydrae van die maatskappy ter stimulering van jeugaksies.

Die skenking word gemaak om Puksport te promoveer. Hy het bygevoeg dat opleidingsinstellings 'n baie belangrike deel vorm van Potchefstroom se sosiale en ekonomiese gemeenskap sonder wie se ondersteuning geen sakeman 'n volwaardige bestaan kan maak nie.

Mnr. Van Rensburg het ook gesê dat hy wedersydse samewerking tussen die opvoedkundige inrigtings en sakeondernemings as onontbeerlik beskou. As dit met eersgenoemde teëspoedig gaan, kan die sakegemeenskap 'n verantwoordelikheid het om die voortbestaan en die vooruitgang van die opvoedkundige inrigtings te verseker.

## UIT MY SPORTMANDJIE:

**Sportvergaderings oor die algemeen en atletiekvergaderings in die besonder, word vanjaar uiters swak deur klublede bygewoon.**

By 'n algemene jaarvergadering van die atletiekklub waar ongeveer 120 lede verwag is, het net 25 opgedaag. Belangrike punte sou ter sprake kom, selfs 'n nuwe bestuur sou gekies word. As gevolg van die traak-my-nieagtige optrede van die lede moes 'n tweede vergadering aangevra word. Alle lede het kennis gedra omtrent die vergadering.

Nou kan 'n mens jouself net afvra: As dit die belangstelling is, hoe lyk die prestasies op die sportveld en hoe beïnvloed dit die gees van die toeskouers langs die sportveld? Op die atletiekveld en spesifiek op die landloopgebied kon die PU as 'n span nog nooit teen ander universiteite presteer nie. Dit is nie omdat ons nie die potensiaal het nie, maar eerder omdat die belangstelling ver tekort skiet.

Koshuisrugby is vanjaar van 'n baie hoë gehalte en opwinding en spanning heers nog by elke wedstryd. Tóg is die toeskouertal, belangstelling en betrokkenheid van medekoshuisbewoners uiters pateties. Is dit die nuwe tendens vandag - om 'n onbetrokke individu te wees?

Geïsoleerde sport in Suid-Afrika kan net hoogtepunte bereik as die jeug met sy betrokkenheid en belangstelling die fondamente daarvan vorm.

# KORTSPORT

PU-NETBALKLUB:
Die Pukke het vanjaar op die netbalgebied baie goed presteer. Die A-span van die PU, wat nog net teen Pote moet speel, is sover onoorwonne. Hulle het die Potch-dorp met 32-25 geklop. Die B-span van die PU vertoon net so goed vanjaar en was ongelukkig om net-net teen die A-span te verloor. Die volgende sewe PU-dames is gekies om vir Wes-Transvaal deel te neem: Leoni Scott, Louise Wessels, Rina Papenfus, Lynette Smith, Hettie Venter, Anita Nortjé en Marlene van Heerden. S.A.U.'s vind vanjaar te Bloemfontein plaas.

SKERM
Daar word weer eens 'n beroep gedoen op alle belangstellende studente om te kom skerm. Dit is 'n sportsoort wat nie goed ondersteun word op die PU nie. Die groot geheim is dat niemand weet wat daar aangaan nie. Die skermmense oefen elke Maandag en Woensdag om 4h15 in die saal langs die muurbalbane.

RUGBY
Die eerste rugbyspan van die PU het op Woensdag, 12 Junie, naelskraap teen 'n span van die Weermag verloor. Die telling was 17-15. Weermag het 'n goeie agterlyn gehad en die PU-span kon byna niks teen hulle uitrig nie. Die PU-span was ook heeltyd onder druk en kon nie hul normale spelpatroon toepas nie. Op Saterdag 15 Junie het die eerste PU-rugbyspan teen Rustenburg Platina myn gespeel en hul met 21-20 gewen. Die span van Rustenburg is op die oomblik tweede in die Neserbeker-liga. Op Woensdag, 27 Junie, speel die eerste PU-span teen Potch-dorp. Die wedstryd beloof om baie opwindend te wees.

CHARLIE-SUPERSPORTVROU:

Isabel Campher, voorheen Malan, het deurgedring na die finale supersportvroukompetisie toe sy eerste geëindig het in die Wes-Transvaalse afdeling. Isabel het bewys dat sy bo-gemiddeld goed is in 'n hele aantal sportsoorte. Sy kon egter nie in die finale rondtes onder die eerstes eindig nie, maar het nog baie goed vertoon.

PU-SOKKER BEUR VORENTOE

Die PU-sokkerspan is hierdie seisoen besig om vir 'n eersterangse verrassing te sorg in die Wes-Transvaalse superliga.

Die Pukke, verlede jaar se eersteliga-kampioene, spog reeds met oorwinnings oor Klerksdorp-Hotspurs en Strathvaal, albei bobaasklubs in die Wes-Transvaal en spanne wat reeds baie jare in die superliga speel. Die Pu moes egter verlede Saterdag die onderspit delf teen Luso met 3-2. Luso, die Portugese span van Klerksdorp, is die tweede beste span in Wes-Transvaal.

Hoewel die PU die spel in die eerste helfte oorheers het, het die groter balbeheer en vernuf van die Portugese span die deurslag gegee. Die spel was egter in so 'n mate gelykop dat die afrigter van Luso se span ná die wedstryd toegegee het dat sy span gelukkig was om te wen.

Inmiddels berei die PU se eerste en tweede span voor vir die oorblywende wedstryde dié seisoen. Die belangrikste kragmetings wat voorlê is die jaarlikse "five a side"-toernooi wat op Orkney plaasvind en in die Julievakansie die SAU-toernooi op Stellenbosch.

Mnr. Egon Schulze, afrigter van die sokkerspan, het intussen 'n beroep gedoen op alle Pukke wat belangstel om sokker te speel om hom by die Geografiegebou te kom spreek. Mnr. Schulze se ateljee is links-onder in die gebou.

Die beroep kom nadat heelwat belangstellendes by die Fanie du Toit en by hokkie-oefeninge opgedaag het op soek na die sokkerveld. Mnr. Schulze stel veral belang in die persoon wat 'n PUK-speler gebel het en gesê het dat hy reeds vir WP uitgedraf het.

Omdat die PU nie oor 'n sokkerveld beskik nie, oefen die spanne op die velde van Weermag, net langs die Stapelberg-stadion op die Ventersdorp-pad. Albei spanne oefen Maandae, Woensdae en Donderdae vanaf 16h30.

BOEKE-
UITVERKOPING

OPVOEDKUNDIGE
TEOLOGIESE
NATUURWETENSKAPLIKE

*en 'n groot verskeidenheid ander boeke.*

*Kom kyk gerus!*

PRO REGE
UITGEWERS & BOEKHANDELAARS
Tomstraat 86 · Potchefstroom Tel: 8875